



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

TEMA



Jaargang 17 no 4

April 2008

- **Is deelname in die politiek belangrik?** 2
- **Christelike vakbonde en die politiek van selfstandigheid** 4
- Kerknuus 6
- 'n Blik op die Pentateug 7
- Safe sex of save sex 10
- 'Frankenstein-voedsel': Karring ons aan die skepping? 12
- Farmakologie van 'n tragedie 14
- Die nuwe geskiedenis van Suid-Afrika 17
- Kerkregering: kan die 'onervare' en 'te gevestigde' kerke mekaar help? 20
- Boekenuus 23

EK EN DIE PRESIDENT

– is politieke betrokkenheid moontlik?

Karee, Roosmaryn, Armentum en Reitz vir die wit studente. Kayalami, Tswelopele, Huis Koos en Madelief vir die swart studente. Dit was die wil van die studentemassa by Kovsies (Universiteit van die Vrystaat) oor die verdeling van studente tussen die verskillende koshuise. Integrasie was teen die wil van die studente – so het geblyk nadat die berugte video uit die manskoshuis Reitz geleek het. Eintlik was dit al lankal bekend, maar dit het met die Reitz-video net opnuut aan die orde gekom.

'n Geïsoleerde voorval? Sekerlik nie – en om iets te verstaan van die agtergrond van die moeities in ons land, verwys ek u na br Jan Meijer se resensie van die boek "Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika". Die punt wat ek, met behulp van hierdie voorval uit die Kovsie-republiek, wil maak, is dat dit oënskynlik nie so maklik is om as burgers van een land saam te woon nie. Dit skaaf en dit skuur tussen Suid-Afrikaners. Die aanvanklike optimisme van die 'nuwe' Suid-Afrika het plek gemaak vir 'n besef dat ons nou ook werklik moet saam woon, saam werk, saam regeer – vir sommige 'n onaanvaarbare realiteit.

As Christene in Suid-Afrika geld hierdie realiteit – van saam woon, saam werk en saam regeer – in besonder vir ons. Vir ons is dit meer as net 'n realiteit, vir ons is dit 'n roeping. 'n Roeping wat gegrond is in God se liefde, wat so groot was dat Hy sy eie Seun gegee het om sondaars in vrede met Hom te laat lewe. 'n Deurleefde kennis van hierdie liefde laat my soek na vrede tussen my en my landgenoot. 'n Besef van die omvang van Christus se versoeningswerk laat elke Christen ywer vir versoening tussen hom en sy mede-burger – wit en swart.

Gedrewe deur God se liefde in Christus, 'n liefde wat uitgeloop het op die ewige Koningskap van Christus, kan die Christen daarom ook voluit betrokke wees by die land en sy sake – kan hy sy politieke verantwoordelikheid nakom, kan hy van harte vir 'sy' president bid, kan hy sy stem tydens die verkiesing gaan uitbring. Geloof en politiek hoef nie teenoor mekaar te staan nie – dit is nie so dat wanneer ons burgers van die hemelse koninkryk word, ons daarmee ons rug hoef te draai op ons aardse vaderland nie. Nee, lees maar gerus die artikel van br Willie Spies om te sien hoe jy jou politieke betrokkenheid vanuit die geloof vorm kan gee.

Ons lewe in 'n land waarin dit soms behoorlik kan skaaf en skuur tussen die burgers. Laat daar egter vanuit die kerk in Suid-Afrika iets sigbaar word van God se liefde en versoeningswerk. En dit behels onder andere my betrokkenheid by my president en elke burger waaroor hy regeer.

Ds Erik van Alten

Is DEELNAME in die politiek BELANGRIK?

TEMA: Ek en die president – is politieke betrokkenheid moontlik?



"Die wêreld is ons woning nie"

Met hierdie klaargroep van die bekende gereformeerde teoloog en digter, Totius, het baie Christene al te kenne gegee dat hulle nie ingetrek wil word in die politiek nie. Die persepsie bestaan dikwels dat politiek "vuil" is, dat dit gepaard gaan met rugstekery, oneerlikheid en persoonlike, selfgesentreerde ambisie.

Die kritiek is miskien wel waar vir die wêreldse benadering tot die politiek. Verder is dit ook waar dat al die negatiewe elemente van "politiek" in sy wydste sin in elk geval te vinde is in die kantoor, die skool, in familieverband en selfs in besondere gevalle in kerke.

Kantoorpolitiek en sogenaamde "power-play" is tot so 'n mate 'n realiteit in enige moderne organisasie dat studies in die verband al deur bedryfsosioloë en persoonbestuurders onderneem is¹.

Onder sektariese godsdiensgroepe soos *Jehovah se Getuies* (oftewel die Wagtoring-kerk) bestaan daar byvoorbeeld 'n uitgesproke teenkanting teen enige deelname aan verkiesings, militêre diensplig en die politiek in die algemeen.

Ook in gereformeerde kerke bestaan die sentiment onder sekere

lidmate dat die sekulêre aard van die grondwet en ook die potensieel permanente aard van ANC-meerderheidsdominansie deelname aan die parlementêre politieke proses en verkiesings onwenslik maak. Die motiverings van hierdie standpunte varieer oor 'n wye spektrum.

Aan die één kant van die spektrum is die dryfveer doodgewoon apatie en 'n gevoel van: "Ek stem nie, want dit sal in elk geval nie help nie". 'n Ander benadering is weer (en heeltemal tereg) dat 'n wegblystem ook 'n vorm van protes is omdat dit ook 'n bepaalde boodskap aan regeerders stuur. Die derde benadering op die ander kant van die spektrum is meer radikaal en behels in kort dat Christene 'n plig het om hulle te weerhou van deelname aan die parlementêre bestel omdat dit 'n onchristelike bestel, is met 'n bose regering aan die stuur wat nie enigsins deur Christene gelegitimeer mag word nie.

Hierdie drie benaderings word kortliks hieronder bespreek.

Apatie

Volgens sekere ramings is soveel as 40% van wit kiesers in die noordelike gedeeltes van die land tans nie geregistreer as kiesers nie. Onder swart kiesers is die registrasiesyfer hoër, maar die Onafhanklike Verkiesingskommissie spreek gereeld sy kommer uit

oor die feit dat kiesersregistrasie onder jong kiesers (swart sowel as wit) kommerwekkend laag is. In die suidelike provinsies, en in besonder in daardie munisipaliteite waar opposisiepartye alleen of in koalisie regeer, is die belangstellingsvlakke uiteraard hoër. Die afleiding is dus dat die persepsie baie sterk bestaan dat mense belangstelling verloor as gevolg van 'n fatalisme of 'n gevoel dat hulle deelname (veral in die noordelike provinsies) nie 'n verskil gaan maak nie. Hierdie benadering is natuurlik teenproduktief. Die nadeel daarvan is dat hierdie benadering 'n bose kringloop tot gevolg het. Mense raak apaties omdat hulle dink dat hulle geen impak het nie – as gevolg daarvan word minder Christenpolitici verkies wat weer daartoe lei dat mense sê: "Sien, ek het julle mos gesê julle het geen impak nie!"

Christus se opdrag aan sy volgelinge is om die *sout van die aarde* en *lig van die wêreld* te wees. Albei hierdie beelde het iets in gemeen, naamlik die kleinheid van die inset teenoor die grootheid van die impak. 'n Bietjie sout wat smaak gee aan 'n groot gereg en 'n klein liggie wat ooreweldigende duisternis verdryf. Christene wat hulle deur apatie en fatalisme laat lei in hulle besluit om nie deel te neem nie aan enige prosesse wat die wêreld raak, insluitend die politiek, versaak hulle plig om hierdie Goddelike opdrag na te kom.

¹ Lees meer hieroor in *Organisational Behavior* deur R Kreitner en A Kinicki, 3de uitgawe, 1995 pp 265 ev.

Wegbly-proties

Wêreldwyd bestaan daar erkenning vir die reg om deur middel van 'n wegblystelsiem ook 'n boodskap aan die regering te stuur. Tydens die afgelope verkiesing in Spanje was daar byvoorbeeld 'n merkbare wegblystelsiem. Die wêreld neem kennis daarvan en dit stuur 'n bepaalde boodskap uit.

Ook in die nuwe staatsie Kosovo, wat pas van Serwië in Oos-Europa afgeskei het, was daar 'n 100% wegblystelsiem tydens die Serwiese presidentsverkiesing.

Die voordeel hiervan is dat die wegblystelsiem identifiseerbaar is en dat 'n sterk boodskap uitgestuur word. 'n Belangrike voorvereiste is egter dat die wegblystelsiem sodanig moet wees dat dit identifiseerbaar en meetbaar is.

In Suid-Afrika is die saak egter anders. Partye soos die HNP, wat hulle vir 'n wegblystelsiem beywer, beleef telkens die frustrasie dat niemand kennis neem van die wegblystelsiem nie, omdat die wegblyers wyd oor die land woon en nêrens 'n sigbare meerderheid vorm nie.

Sodoende kan daar byvoorbeeld nie gedemonstreer word dat hierdie of daardie dorp of provinsie 'n meetbare wegblystelsiem aangeteken het nie. Verder is die meeste van die "wegblyers" in elk geval nie eens geregistreer as kiesers nie, wat beteken dat die stempersentasie as geheel ook nie die "wegblystelsiem" reflekteer nie.

In Suid-Afrika vandag is die wegblystelsiem as protesstelsiem dus nie op dié stadium 'n opsie nie. Dit is te betwyfel of Christene tans hul lig sigbaar kan laat skyn en of hulle werklik smaaklike sout van die aarde kan wees deur hierdie opsie uit te oefen.

Die nie-legitimeringsbenadering

Hierdie benadering gaan daarvan uit dat die regering onwettig en boos is en dat Christene deur die uitbring van 'n stem "medepligtig" raak aan die boosheid van die regering - dat hulle as 't ware hulleself bind aan 'n politieke bestel waaraan hulle andersins nie gebonde sou wees nie. Hierdie benadering berus op 'n dwaling en 'n ontkenning van die uitdruklike skriftuurlike bepaling dat *alle* gesag van God af kom.

Ons bely immers dat owerhede deur God daargestel is weens die verdorwenheid van die mens, dat dit sy wil is dat die wêreld deur middel van wette en regerings regeer moet word. Dit is ook God se wil dat regerings kwaaddoeners sal straf en die Woordbediening sal beskerm². In sy slotwoorde bely Artikel 36 van die NGB byvoorbeeld: "daarom verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgeag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot". Guido de Bres het hierdie belydenis in 1561 opgestel in 'n tyd van intense vervolging van die Protestante deur die Roomse Kerk en plaaslike regerings.

Net so het Paulus in Romeine 13 Christene opgeroep om aan die regering onderdanig te wees ten spyte van die goddeloosheid van die destydse Romeinse regering en ryk.

God verklaar deur die profeet Jeremia dat Hy sy volk aan ballingskap uitgelewer het deur "sy kneg" Nebukadnesar³. In Daniël lees ons hoe God op sy tyd vir Nebukadnesar verneder het,

² Nederlandse Geloofsbelijdenis Artikel 36

³ Jer 43:10

maar ook weer herstel het, weer eens op sy tyd. Ons sien dus dat regerings - hoe korrup en hoe goddeloos ook al - deur God daargestel is en deur God as sy knegte gebruik word om sy wil te laat geld.

Net so is die huidige Suid-Afrikaanse regering ook - hoe korrup en goddeloos ook al - deur God daargestel. God kan egter op sy tyd ook hierdie regering van sy mag ontnem. Dit is dus nie vir ons as Christene om die regering te legitimeer of van sy legitimiteit te ontnem nie. God doen dit op sy tyd.

Ons taak as Christene

Ons taak is om as Christene aan die regering onderdanig te wees, terwyl ons - soos Daniël teenoor Nebukadnesar en Darius, of soos Paulus teenoor Festus, of Elia teenoor Agab, of Ester teenoor Ahasveros - nie sal skroom om te profeteer aangaande wat God se wil is en oor wat heilsaam is vir ons samelewing nie.

Suid-Afrika het inderdaad 'n sekulêre grondwet. Inderdaad is dit waar dat die grondwet 'n speelveld geskep het wat die Christendom en ook die voorskrifte van Gods Woord gelyk gestel het aan ander ideologieë en godsdienste. Met sake soos die beoogde getrouheidseed vir skoolleerders, beoog die regering selfs om die huldiging van sogenaamde *struggle*-helde in die skole in te voer. Daniël en sy drie vriende het geweier om Nebukadnesar se beelde te huldig of Darius se bevel om die koning te aanbid, te gehoorsaam. Nogtans het hulle as administrateurs in die destydse regeringstelsel gedien en hulle profetiese amp daar uitgeleef. Hulle het geweier om aan God ontrou te wees, maar nie geweier om hulle take in die landsadministrasie getrou te bly doen nie.

Vandag roep die Woord ons steeds op tot gehoorsaamheid aan die regering waar dit gaan oor wet en orde, maar ook om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense wanneer van ons verwag word om God te verloën.

Die bestaande politieke bestel en in besonder die stelsel van proporsionele verteenwoordiging maak dit vir Christene moontlik om vir Christelike Bybels-gefun-

deerde partye te stem. Hoe meer Christen-kandidate tot die parlement verkies word, hoe meer word daar vanuit 'n Christelike oogpunt in die parlement en in die openbare domein gedebatteer en geargumenteer oor die gang van die geskiedenis. En as ons wonder of dit die moeite werd is – of ons nie dalk te min is nie – kan ons met reg retories saam vra: maak 'n klein bietjie suurdeeg nie die hele deeg suur nie en gee 'n

klein bietjie sout nie smaak aan 'n groot gereg nie?

Laat ons ons verantwoordelikheid in die verband nie versaak nie. Dit is ons roeping.

Willie Spies is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata, en (sedert 2004) lid van die Parlement in die Nasionale Vergadering.

CHRISTELIKE vakBONDE en die politiek van SELFstandigheid

TEMA: Ek en die president – is politieke betrokkenheid moontlik?

Vakbonde word deur baie mense beskou as sinoniem met rooi T-hemde, asblikke wat omgegooi word, gewelddadige stakings en kommunisme. Veral in Suid-Afrika weet min mense van Christelike vakbondwese en hoe 'n Christen, deur sy vakbond, sy roeping kan uitleef. Christene staan dikwels apaties teenoor vakbondwese en besef nie watter kragtige instrument 'n Christelike vakbond kan wees om 'n mens se roeping uit te leef nie. 'n Christelike vakbond is ook 'n instrument waardeur praktiese politiek beoefen kan word.

Regdeur die wêreld is daar twee tradisies van vakbondwese: die sosialistiese tradisie en die Christelike tradisie. Omdat Cosatu so sterk in Suid-Afrika is, identifiseer mense vakbondwese met sosialisme. Dié tradisie word gekenmerk deur die noue verhouding tussen die vakbond en die regerende party. Dié tradisie leer dat die regering oorgeneem moet word sodat dit as instrument gebruik kan word om die werkers se sosialistiese agenda deur te druk. Suid-Afrika is 'n goeie voorbeeld,

met Cosatu wat in alliansie met die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty is. In Amerika is die sosialistiese vakbondbeweging een van die grootste skenkers aan die Demokratiese Party. Die sosialistiese tradisie het 'n sterk eksterne beheerlokus. Dit beteken dat die regering of werkgewer vir die belange van die werknemer verantwoordelik is.

Christelike vakbondwese beteken dat werknemers 'n roeping het en dat dit vakbonde se taak is om werkers te help om hulle roeping te verwesenlik. Dié tradisie glo nie in afhanklikheid van die regering om dinge te doen nie, maar in selfdoen en selfstandigheid. Dié tradisie van vakbondwese het 'n sterk interne beheerlokus. Dit beteken dat werknemers self verantwoordelikheid vir hulle roeping aanvaar. Die Christelike vakbondwêreld glo aan eie instellings soos opleiding, eie mediese sorg, aftreebeplanning, maatskaplike hulp en ander selfdoen-instellings. Christelike vakbonde het ontstaan uit die gereformeerde tradisie, maar het ook na die

Rooms-Katolieke tradisie oorgespoel. In België is die Algemeen Christelike Vakverbond die sterkste vakbondfederasie, met sowat 1,8 miljoen lede. In Nederland is die Christelike Nasionale Vakverbond (CNV) een van die drie groot federasies. Die CNV het ontstaan uit die gereformeerde tradisie, met Abraham Kuyper as een van die denkers van die vakbond. Daar is ook vakbonde uit die Christelike tradisie in Pole, Duitsland, Italië en talle Afrika-lande. Sowat 55 miljoen werknemers deur die wêreld heen behoort aan vakbonde in die Christelike tradisie. In baie gevalle het net die tradisie oorgebly, en min van 'n werklike Christelike lewensbeskouing.

In Suid-Afrika is Cosatu die klassieke pool van die sosialistiese tradisie en Solidariteit die klassieke pool van die gereformeerde tradisie van vakbondwese. Solidariteit staan nie bloot in die Christelike tradisie nie, maar het 'n sterk Christelike lewensbeskouing. Cosatu se politieke strategie is om die regeringsparty

oor te neem en sy sosialistiese doelwitte deur die regering uit te voer. Die onlangse gebeure rondom Jacob Zuma se verkiesing as leier van die ANC moet gelees word in die konteks van soveel moontlik sentrale beheer deur die sosialiste. Solidariteit se politieke strategie is om buite die parlementêre politiek te staan en selfdoen-instellings te vestig.

’n Tipiese voorbeeld van die uiteenlopende benaderings ten opsigte van vakbondwese is die onlangse Stilfontein-krisis. Twee myne op Stilfontein het skielik toegemaak en sowat 6 000 myners het letterlik sonder kos gesit. Uit die 6 000 was sowat 5 000 lede van ’n Cosatu-vakbond en die ander oorwegend lede van Solidariteit. Flip Buys, uitvoerende hoof van Solidariteit, het vir Gwede Mantashe, hoofsekretaris van COSATU se National Union of Mineworkers (Mantashe is terloops nou sekretaris-generaal van die ANC) gebel en gevra wat die vakbonde gaan doen om die voedselgebrek aan te pak. Mantashe het gesê dat dit die regering se verantwoordelikheid is. Buys het geantwoord dat daar later gepraat moet word oor wie se verantwoordelikheid dit is – die mense is nou honger. Solidariteit het deur een van sy selfdoen-instellings - die Solidariteit Helpende Hand Fonds - vir vier maande die sowat 6 000 mynwerkers met kos gehelp. Die gemeenskap is gemobiliseer en meer as R3 miljoen is ingesamel. Die sosialistiese vakbond het hom op die staat beroep en die Christelike vakbond het sy roeping deur sy selfdoen-instelling nagestreef. Daar was ook wonderlike samewerking met die kerke en

ander plaaslike gemeenskaps-organisasies en -leiers.

Solidariteit glo dus aan praktiese politiek. Die beweging het binne die Christelike tradisie van vakbondwese ’n waardeketting ontwikkel waarin praktiese ruimtes vir sy lede geskep word om te funksioneer. Die eerste skakel in die waardeketting is kinders. Die selfdoen-instelling is die Solidariteit Helpende Hand Fonds. Deur die fonds word voedingsprojekte by skole aangepak, word arm graad 1’s van skooltassies en skryfbehoeftes voorsien en word beurse ter waarde van R1,4 miljoen jaarliks aan behoeftige jongmense toegeken. Die tweede skakel van die waardeketting is om jongmense te laat studeer. Die selfdoen-instelling hier is Solidariteit se opleidingskollege, Sol-Tech, en die afstandsonderrigmaatskappy Oxbridge. Sowat 5 000 studente word deur Solidariteit se inisiatiewe opgelei. Daar word veral daarop gefokus om jongmense in skaars en kritieke vaardighede op te lei. Jongmense word hiermee in praktyk van regstellende aksie vrygestel, omdat daar ’n groot aanvraag vir hulle vaardighede is. Die derde skakel van die waardeketting is om die jongmense wat opgelei word, in die werkplek te plaas. Die selfdoen-instelling hier is Personnel Express, wat werksoekers in die arbeidsmark plaas. Solidariteit het vier Personnel Express-takke. Die vierde skakel van die waardeketting is om mense in die werkplek te beskerm. Die selfdoen-instelling is die vakbond self. Dit is die kern van die beweging. Die vyfde skakel is om vir goeie mediese sorg in die werkplek voorsiening te maak.

Solidariteit se droom is om al sy lede toegang tot privaat mediese sorg te gee. Die selfdoen-instelling is Solidariteit se eie mediese fonds, SolVita. Die sesde skakel is om lede te help om selfstandig af te tree. Die selfdoen-instelling wat hiervoor geskep is, is die Solidariteit Aftreeplan. Die Solidariteit Helpende Hand lei ook jong meisies op om as tuisverpleërs afgetrede mense te versorg. Die sewende skakel is om lede se demokratiese ruimte te vergroot. Die selfdoen-instelling hiervoor is Solidariteit se burgerregte-inisiatief, AfriForum.

Christelike vakbondwese is dus ’n kragtige instrument waardeur praktiese politiek beoefen kan word. Dit skep ’n ruimte waarbinne Christene hulle roeping kan uitleef. Dit is veral ’n sterk instrument in ’n omgewing waar daar so ’n dominante meerderheidsparty is. Die Christenwerknemers sê eenvoudig: “Ek het nie, soos die sosialiste, die staat nodig om my roeping uit te voer nie. Ek aanvaar self die verantwoordelikheid.” Net soos die Christen ’n plig het om aan die parlementêre politieke prosesse deel te neem en dit te beïnvloed, net so het die Christen ’n plig om aan praktiese politiek deel te neem waardeur ruimtes geskep word waarbinne hy kan optree. Ons noem dit die politiek van selfstandigheid.

Dr Dirk Hermann is adjunk uitvoerende hoof van die vakbond Solidariteit

Australië - korrespondent : Ds Mendel Retief

Die jeugkongres vir 2008 is van 21 tot 24 Maart en word in Kelmscott gehou. Ds M Retief van Kelmscott is gevra om te praat oor die gevaar van 'n wettelose evangelie, en ds C Vermeulen van Darling Downs om te praat oor die gevaar van wettisme. Die lesings sal ná die kongres beskikbaar gemaak word op die webwerf van die **Free Reformed Church of Kelmscott**.

Nederland - korrespondent : Ds Axel Hagg

Beroepe aangeneem:

- Na Assen-Zuid: ds JH Soepenbergh te Ijsselmuiden.
- Na Doesburg in kombinasie met Doetinchem (deelyds): ds C van der Beek te Lichtevoorde/ Enschede.
- Na Barendrecht: ds HD Bondt te Nunspeet.
- Na Voorburg: kandidaat JA Francke te Zwolle.
- Na Langerak in kombinasie met Hardinxveld-Giessendam: ds HJ Lopers te Nieuwegein.
- Na Kampen-Noord: ds G Zomer te Zwolle-West.
- Na Wezep (tweede predikantsplek): ds ZJC van Harten te Blije-Holwerd in kombinasie met Ferwerd-Hallum.

Nuus:

KAMPEN - Die bestuur van die Teologiese Universiteit van ons susterkerke in Kampen en dr George Harinck, besondere hoogleraar aan hierdie instelling, het in 'n verklaring uitgespreek dat hulle hul same-werking wil voortsit, nadat dr Harinck sekere van sy uitsprake teruggetrek het en/of duideliker uitgelê het. Die verklaring deur die Teologiese Universiteit is te vinde op die volgende webtuiste:

http://www.nd.nl/Document.aspx?document=nd_artikel&id=108485

Kanada - korrespondent : Prof Arjan de Visser

Kanadese kerke moderniseer Psalms in Engels

Die Canadian Reformed Churches (CanRC) het in 2007 Sinode gehou in Smithers, British Columbia. Een van die belangrikste besluite van die Sinode was om die bestaande Psalmboek te moderniseer.

Die Kanadese kerke is uniek in die Engelssprekende wêreld omdat hulle die 150 Psalms op die oorspronklike Geneefse melodieë sing. Toe die eerste volledige Geneefse Psalter in 1984 die lig sien, is dit allerweë as 'n mylpaal beskou. Daar was egter ongelukkigheid

oor die kwaliteit van sommige omdigtings. Die taal wat gebruik is, is taamlik argaïes. Daar is woorde gebruik wat nie deur hedendaagse Engels-sprekendes verstaan word nie.

Intussen is die Kanadese kerke geseën met 'n bekwame digter in hulle geledere in die persoon van Dr William Helder. Hy is 'n dosent in Engels en Latyn by Guido de Brès Christian High School in Hamilton, Ontario. Dr Helder het 'n klompie jare gelede nuwe omdigtings begin maak en dit gereeld in *Clarion* (die Kanadese kerke se tydskrif) gepubliseer.

Die 2007 Sinode van die Kanadese kerke het vir die "Staande Komitee vir die Publikasie van die *Book of Praise*" die mandaat gegee om 'n ooreenkoms met dr Helder aan te gaan vir 'n hersiening van die omdigting van die Psalms. Op die webwerf van die komitee is reeds meer as 50 nuwe omdigtings beskikbaar gestel, en die kerke is deur die Sinode aangemoedig om dit te begin gebruik.

Vergelyking van die ou en die nuwe omdigtings toon dat die nuwe omdigting van dr Helder 'n waardige en mooi, moderne tipe Engels gebruik. Vergelyk byvoorbeeld die ou en nuwe omdigtings van Psalm 51.

Ps 51:6, in die ou beryming, lui soos volg:

"Thou, LORD, in sacrifice hast no delight;
If I should with oblations try to please Thee,
With my burnt off'rings seeking to appease Thee,
Then I would find no favour in Thy sight."

Die nuwe omdigting lui soos volg:

"Lord, You do not in sacrifice delight.
Or else I would with off'rings try to please you.
How could I ever with my gifts appease you?
Burnt off'rings find no favour in your sight."

Vir meer inligting oor die projek, asook vir die teks van die nuwe omdigtings, besoek www.bookofpraise.ca.


Suid-Afrika

Die volgende **sinode** sal so die Here wil plaasvind 12 tot 16 Mei 2008 te Kaapstad. Kerkverbandelike Administrateur: br AW Herder te Johannesburg Sinodale Kwestor: br FJ van Dijk te Pretoria.

Teologiese studente Carl van Wyk en Peter Abrahams is tydens 'n vergadering van klassis Suid op 13 en 14 Maart 2008 geëksamineer. Br Carl van Wyk is na aanleiding van hierdie eksamen beroepbaar gestel binne die VGKSA.

'n BLIK op die PENTATEUG

Venster op die Bybel



As iemand ons sou vra wat die eerste vyf boeke van die Bybel se name is, sal ons sekerlik die vyf name kan gee, nl Genesis, Exodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Ons sal ook kan sê wat die naam van die skrywer is, nl Moses. Maar besef ons nog dat die vyf boeke eintlik *een boek* is? En waarom sou jy sê dat die HERE gegee het dat Moses, so ver in die geskiedenis van Israel, die boek skryf? Wat sou die boodskap van hierdie reuse vyfbundel-werk vir ons wees en wat was dit vir Israel? Was dit nie om as eerste werklik geskrewe Bybel ons smagting na Christus te beklemtoon nie?

Ons wil met hierdie bydrae tot "venster op die Bybel" hierdie bundel merkwaardige boeke van nader belyk, sodat ons lees en verstaan daarvan gedien kan word. Eerstens wil ons wys op die eenheid van die Pentateug.

Die vyf volumes van Moses

Ons dink aan die eerste vyf Boeke van die Bybel - Genesis, Exodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium - as vyf aparte boeke. Maar die Joodse skrywers uit die tyd van Jesus, Philo en Josephus, praat van die eerste vyf boeke van die Bybel as 'n eenheid. Wat ons dus vyf boeke noem, noem hulle een boek. Hulle praat van die "vyfvoudige" indeling van die "wet". Die Griekse woord "pentateug" beteken "vyf (penta) volumes (teuchos)". Omdat die meeste Jode meer Grieks gepraat het as Hebreeus, het hulle die Ou Testament ook in Grieks vertaal. Hulle Joodse rabbi's verwys daarna as die "vyfvoudige wet", met elke deel as 'n vyfde. Die volumes en hulle aaneenvloeiende inhoud kan as volg uiteengesit word:

Volume	Historiese verloop	Kultiese verloop	Verwysing
Volume 1 Die aarde vervreem van die hemelse koninkryk	Adam tot Tera Abram tot Jakob		Gen 1-11 Gen 12-50
Volume 2 Oppad na 'n hemelse koninkryk op aarde	Jakob uitgelei deur Moses		Ex 1-14
	Die tog na Sinai		Ex 15-18
		Die ontvangs van die 10 Gebooie	Ex 19-24
		Die Tabernakel en die priesters	Ex 25-40
Volume 3 Geestelike orde vir die koninkryk		Heilige offers	Lev 1-7
		Heilige Priesters	Lev 8-10
		Heilige Mense	Lev 11-15
		Die groot Versoendag	Lev 16
		Heilige wette	Lev 17-27
Volume 4 Politieke orde vir die koninkryk	Sinai tot Kades		Num 1-14
	Kades tot Moab		Num 15-21
	Moab se mislukte hinderlaag		Num 22-25
	Vorbereiding vir inname		Num 26-36
Volume 5 Terme vir voortbestaan van die koninkryk		Moses se laaste rede	Deut 1-34

Die skema wys ons dat die vyf volumes van Moses stil gaan staan by die Tabernakel, by die gereedmaking vir God met ons!

Een skrywer en baie name vir die Pentateug

Die Pentateug het sommer heel-wat name in die Bybel. In die Ou Testament alleen vind ons tien verskillende name. Dit staan bekend as "die wet" (Jos 8:34; Esra 10:3; Neh 8:2; 2 Kron 14:4; ens); "die boek van die wet" (Jos 1:8; 8:34; 2 Kon 22:8; ens); "die boek van die wet van Moses" (Jos 8:31; 2 Kon 14:6 ens); "die boek van Moses" (Esra 6:18; Neh 13:1, 2 ens); "die wet van die HERE" (Esra 7:10; 1 Kron 16:40 ens); "die wet van God" (Esra 7:10; 1 Kron 16:40; ens); "die boek van die wet van God" (Jos 24:26; Neh 8:18); "die boek van die wet van die HERE" (2 Kron 17:9; 34:14); "die boek van die wet van die HERE hulle God" (Neh 9:3) en "die wet van Moses die dienaar van God" (Dan 9:11; Mal 4:4). In die Nuwe Testament word dit genoem "die boek van die wet" (Gal 3:10); "die boek van Moses" (Mark 12:26); "die wet" (Matt 5:17; 12:5; Luk 16:16; Joh 7:19; Rom 3:21); "die wet van Moses" (Luk 2:22; 24:44; Joh 7:23); "die wet van die HERE" (Luk 2:23, 24) en sommer net "Moses" (Luk 24:27; vgl Joh 5:46; 2 Kor 3:15). Al is daar so baie name, is dit duidelik dat die hele Skrif aan ons wys dat hulle saam hoort en dat hulle een skrywer, Moses, het. Beide die Jode en die Christene het nog altyd gesê dat Moses die skrywer is, al het hy heel moontlik oorgelewerde materiaal opgeneem in sy werk en al word sy eie dood daarin beskrywe (Deut 34). Jesus, die groot Leermeester, praat daarom van Moses as die skrywer van die Pentateug (Joh 5:45-47).

Bundeling en bewaring

Die oomblik toe die Pentateug deur Moses neergeskrywe was, is hulle deur Israel aanvaar as boeke met Goddelike gesag.

Duidelike bevel is gegee oor die hantering van die Pentateug. Eerstens moes dit hardop voor die ore van die hele volk gelees word deur die priester (Deut 31:11). Tweedens is die strenge bewaring daarvan opgedra. "En toe Moses die woorde van hierdie wet klaar in 'n boek geskryf het tot die einde toe, het Moses die Leviete wat die verbondsark van die HERE gedra het, bevel gegee en gesê: Neem hierdie wetboek en sit dit neer aan die kant van die verbondsark van die HERE julle God, dat dit daar as getuie teen jou kan wees" (Deut 31:24-26). En derdens moes daar 'n kopie daarvan aan die toekomstige konings gegee word (Deut 17:18-19). Daar mag niks daaraan toegevoeg of daarvan weggeneem word nie (Deut 4:2). Josua ontvang van God Self streng opdrag om volkome by die woorde daarvan te bly (Jos 1:8) en Dawid vereis van Salomo dieselfde (1 Kon 2:3). Die latere konings se regerings sou staan of val by hulle getrouheid aan die wet van Moses. Ons sien dus dat die kenmerke van die Pentateug, as eerste Bybel, sou voortbou op die vorming van die res van die Skrif. Gods geskrewe Woord is gesagvol, ons mag nie daaraan toevoeg of daarvan wegneem nie. Soos Deuteronomium van homself sê, sê die laaste boek van die Bybel ook (vgl Deut 4:2 met Openb 22:18-19).

'n Handboek vir die Beloofde Land

Noudat ons die eenheid goed in die oog het, kan ons ook kyk na die boodskap en betekenis van die Pentateug vir Israel van ouds en ook vir ons.

Die Pentateug se afronding word in Deuteronomium, die laaste van die "vyf boeke", beskryf: "En toe Moses die woorde van hierdie wet klaar in 'n boek geskryf het tot die

einde toe ..." (Deut 31:24). Dit is "n boek" geskryf deur Moses. In hierdie vyf dele gee Moses die ontvouing van die heilsgeskiedenis deur aan God se volk. Hulle is op die punt om die beloofde land in te gaan. Daar gaan hulle leef tot God se eer. God Self sal as Koning oor hulle regeer! Maar hoe sal hulle weet wat om te doen voor die aangesig van die Heilige van Israel!? En hoe sal hulle weet waar hulle vandaan kom? Juis met Moses se Boek onder die arm kon hulle! Vanaf Genesis tot Deuteronomium lees Israel, die voornemende intrekkeers van God se land, van God se wonderbare weg met hulle tot hier op die drumpel van Kanaän.

Genesis. In Genesis tref hulle hul oorsprong as God se volk aan. In die eerste deel van Genesis word die ontstaan van alle dinge beskryf. Klein kindertjies sien met huisgodsdien in hierdie "eerste boek" van die eerste "Bybel" hoe God die koms van 'n Oorwinnaar beloof en hoe Hy vyandskap stel tussen die gelowige nageslag, wat die Messias verwag, en die ongelowiges. In die tweede deel van Genesis sien hulle weer die ontstaan van hulle as volk, die voorsate van die komende Messias. In Abraham roep God hulle om tot seën te wees van al die nasies. Uit hulle sal die Messias kom! Na die openbaring van die oorsprong van dinge sien Israel hoedat hierdie stryd tussen die twee saadlyne voortwoed.

Exodus. Hulle lees in die tweede volume, wat ons ken as "Exodus", hoedat die Messias se mense deur God bevry word uit die pogings van Egipte om slawe van hulle te maak. Maar hulle sien ook dat God se eie kinders Hom nie vertrou nie en hoe 'n kort uittog 'n lang woestyntog word. Exodus beskryf die reis vanaf Egipte tot aan die voet van die berg Sinai,

waar God die Tien Gebooe gee en die oprigting van die Tabernakel beveel.

Levitikus. Deel van die Tabernakel se inrigting is die take van die priesters. Die derde volume, nou bekend as "Levitikus", gaan staan nou letterlik stil by Sinai. Dit vertel van die inrigting van die verskillende aktiwiteite rondom die Tabernakel.

Numeri. Die vierde volume, wat ons ken as "Numeri", beweeg weer aan. Dit gryp terug, verby Levitikus, en gaan aan met die reis waar Exodus opgehou het. Dit vertel onderskeidelik hoedat Israel kronologies van Sinai tot by Kades, van Kades tot by Moab en van Moab tot by Jerigo beweeg het in hulle aantog na die beloofde land.

Deuteronomium. Soos wat Genesis duisende jare saamvat oor die aanloop tot die beloofde land op aarde, wil Deuterono-

mium duisende jare vooruitkyk na die beloofde land en sy ideale. Dit sal alles Israel s'n wees ... as hulle maar net hou by die voorwaardes van God, soos uiteengesit in hierdie vyfbundel-werk. Deuteronomium sluit dus die Boek van Moses af met 'n samevatting van alles wat daarin gesê is.

Moses smag na 'n ewige Koninkryk

Maar God se Koninkryk op aarde kom uiteindelik nog nie. Die beloofde land is nie hemel op aarde nie! Soos reeds gesê, moes 'n kopie van die Pentateug aan die toekomstige konings gegee word (Deut 17:18-19). Hulle moes daarby hou! Maar dit was van die begin af duidelik onmoontlik! Sondaars sou God nie uit hulle eie kon behaag op aarde nie! Daarom sê Christus dat Moses ons "beskuldig" (vgl Joh 5:45). Die Lied van Moses (Deut 31:28vv) moes daarom onder Israel gesing word om hulle aan die onmoont-

likheid van 'n ewige Koninkryk op aarde te herinner. Namate die volk nie in God se beloofde land leef soos Moses beveel het nie, ontstaan daarom al meer en meer deurdringend die besef dat net God Self hemel op aarde kan bring. Die aardse konings van die beloofde land faal een na die ander om die vereistes van Moses na te kom en die profete roep al sterker na die ewige Messias, die Koning van 'n splinternuwe hemel en aarde. Dié kreet word harder namate die Ou Testament vorder, totdat Christus uiteindelik Self op aarde kom regeer. Soos Moses het Hy gekom om ons uit lei. Soos die Pentateug roep die hele Bybel ons om te glo in Christus. Ons het Hom nodig! Van Hom getuig Moses en die hele Skrif! "En as julle sy geskifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?" (Joh 5:47).


Ds Pieter Nel is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

GENESIS

Vestiging van die Teokrasie op aarde

DEUTERONOMIUM

Onmoontlike vereistes van die Teokrasie



EXODUS, LEVITIKUS EN NUMERI

Voorbereiding vir die Teokrasie op aarde

Die Pentateug,
Moses se
beskuldiging,
roep na
Christus
(Joh 5:45-47)

**Tema van die volgende KOMPAS:
Gebed – suurstof vir die gelowige**

"SAFE" seks of "SAVE" seks?

Onderwys & Opvoeding

In die laerskool was julle nie gepla met die verskil tussen seuns en meisies nie. Soos wat julle egter ouer word, begin julle belangstelling vir die teenoorgestelde geslag kry. Miskien is jy nog in die hoërskool, en het jy al 'n verhouding.

Ouens en meisies is verskillend. Dit is goed as jy op hoërskool vriende met die teenoorgestelde geslag maak. So leer julle hoe die teenoorgestelde geslag reageer, dink, handel, ens. So kom jy agter van watter tipe persoon jy hou, watter tipe persoon by jou pas, met watter tipe persoon jy later sal wil trou.

Seksuele gemeenskap is die kroon op die verhouding tussen man en vrou

Ek persoonlik dink dit is goed om in 'n groep met ouens en meisies te beweeg, maar dit is nie verkeerd as jy een uitsonder met wie jy 'n spesiale verhouding het nie. Dit is ook belangrik dat julle nie net op sosiale gebied met mekaar verkeer nie, maar ook saam katkisasie en Bybelstudie het. Ook op geloofsgebied leer julle hoe die ander geslag redeneer en voel. Tydens julle jeugjare ontstaan daar baie vrae en gevoelens oor seksualiteit. Ouers het die taak om vir tieners te leer verstaan dat God seksuele gemeenskap net vir die huwelik bedoel het.

God het seksuele gemeenskap net vir die huwelik bedoel

Dit is die kroon op die vriendskap tussen man en vrou. Seksuele gemeenskap tussen twee geliefdes is vir God iets pragtigs. Hy gebruik hierdie beeld ook om die liefde tussen God en sy kerk te verduidelik. Seksuele gemeenskap is dus nie iets waarmee ons mag speel nie.

Die wêreld leer ons baie oor "safe" seks. Jy kan maar gemeenskap hê soos jy lus voel, gebruik net 'n kondoom om ongewenste swangerskap of vigs te voorkom.


In die Bybel kom nêrens 'n teks voor waarin God ons verbied om seksuele gemeenskap voor die huwelik te hê nie. In die Bybelse tyd het daar nie iets bestaan soos 'n jarelange liefdesverhouding voor die huwelik nie. Maar as ons die Bybel in sy geheel lees, kan ons beslis tot die gevolgtrekking kom dat God seksuele

gemeenskap vir die huwelik bedoel het. Dus geen seksuele gemeenskap voor jy getroud is nie en ook nie gemeenskap met iemand anders as jou eie man/vrou nie. Ds EA de Boer het 'n boek geskryf waarin hy 'n aantal Bybelstudies aan hierdie onderwerp wy (*De Bijbel open over vrijen. Over seksualiteit en huwelijksvoorbereiding*). Ek sal nie verder op Bybelse bewyse ingaan nie. Daarvoor is die ruimte van hierdie artikel te min.

Gevare van seksuele gemeenskap buite die huwelik is sieleleed, geloofsnoed, ongewenste swangerskap, onstabiele huwelik

Dit is nie verniet dat God seksuele gemeenskap net vir die huwelik bedoel het nie. God weet wat goed en sleg vir ons is. Die gevare van gemeenskap buite die huwelik is nie net ongewenste swangerskappe en vigs nie, maar ook bv gebreke harte, gekwetste siele, onstabiele huwelike.

Ons weet almal dat om 'n huis stewig te laat staan, ons 'n goeie fondament moet gooi, anders sal dit een of ander tyd inmekaar stort. Met 'n huwelik is dit ook so. 'n Stabiele huwelik het 'n stewige fondament nodig. In 'n liefdesverhouding begin jy bou aan die fondament. In 'n huwelik bou jy hierop voort. 'n Liefdesverhouding is die fase waarin 'n ou en 'n meisie mekaar beter leer ken en besluit of hulle met mekaar wil trou.



Die fondament bestaan uit vier steunpilare, nl liggaamlik, emosioneel, geestelik en sosiaal.

Liggaamlik

Elke verliefde jongmens voel aangetrokke tot sy/haar vriend(in). Ook liggaamlik. Dit is nie verkeerd nie; God het gevoelens ook deel van die proses gemaak. Hierdie gevoelens moet wel op 'n gesonde manier groei.

Emosioneel


Tydens die liefdesverhouding ontdek jongmense dat teenoorgestelde geslagte emosioneel verskillend reageer. Hulle moet dit leer verstaan en hiermee leer omgaan, sodat hulle mekaar later as man en vrou kan aanvul en respekteer.

Geestelik

Die ou en meisie moet ook leer om hulle geestelike lewe met mekaar te deel. Dit kan gedoen word deur saam te bid, Bybel te lees en saam oor God te praat. So groei hulle saam in geloof. Dit is dan ook goed om bv saam kerk toe te gaan en Bybelstudie by te woon.

Sosiaal

Mense wat 'n verhouding het, is geneig om hulle van die res van die groep te onttrek. Dit is nie 'n goeie ding nie. Die paartjie moet kontak met ander vriende bly behou. Hulle moet saam aan vriendskappe bou. Vriende is nodig, ook as 'n mens getroud is. Daarom moet vriendskappe nie in die verhoudingstyd afgebreek word nie. God plaas ons in 'n kerkgemeenskap, ook as ons 'n verhouding het of getroud is. Die verliefde paartjie moet ook omgee vir sy naaste in die gemeenskap waarin hy geplaas is.



Hierdie vier steunpilare moet gelyktydig groei. Dan sal 'n mens 'n stabiele verhouding kry. Wanneer dit nie gebeur nie, sal die verhouding misluk. Ongelukkig is dit dikwels so dat die liggaamlike steunpilaar vinniger ontwikkel as die ander drie. Die verhouding werk nie uit nie en word verbreek, terwyl

daar op seksuele gebied te ver gegaan is. Almal verstaan dat dit 'n negatiewe impak op beide die ou en die meisie het. Daar is sieleleed wat voorkom kon word. Iemand wat 'n paar soortgelyke verhoudings deurgewerk het, kan maklik in geloofsnood kom.

Dit kan ook wees dat 'n paartjie besef dat hulle nie by mekaar pas nie en dat dit beter is om die verhouding te verbreek. As hulle in die verhouding liggaamlik te ver gegaan het, sal beide skade lei.

Dit is goed om te besef dat daar tydens 'n verhouding swangerskappe kan ontstaan sonder om geslagsgemeenskap te hê. Dit kan bv gebeur deurdat daar per ongeluk saadselle via die ou se hande in die vagina van die meisie oorgebring is.

“Save” seks: bewaar die gemeenskap vir die huwelik

'n Ander gevaar van gemeenskap voor die huwelik is dat die idee by die twee ontstaan dat seksuele belangstelling belangriker is as die ander se persoonlikheid. Hulle sien mekaar nie meer raak nie, maar net mekaar se liggame. So word daar in die verhoudingstyd 'n verbruikersgedrag aangeleer. Hierdie gedrag sal dan ook in die huwelik voortduur. Dit sal 'n negatiewe impak op die huwelik hê. Dit is nie goed as jou man/vrou net jou liggaam waardeer en nie jou persoonlikheid raaksien nie. Dit kan nie 'n gelukkige huwelik wees nie.

Tot hoe ver mag 'n mens gaan voor jy getroud is? Die ou en meisie sal reëls moet maak om grense te stel. Hierdie grense sal verander soos die verhouding groei, want al vier steunpilare moet groei, dus ook die liggaamlike steunpilaar. Ons moet ons kinders adviseer om nooit tot die uiterste te gaan nie. As ons bergklim, loop ons ook nie op die uiterste randjie van die afgrond nie!

Jes 1:18 “Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol”.

Wanneer jou kind op 'n jong ouderdom met 'n liefdesverhouding begin, moet ouers daarop aandring dat die paartjie dit baie rustig vat aan die begin. Dit kan nog jare duur voor hulle kan trou, dus moet hulle nie te vinnig reg wees om te kan trou nie. Hulle maak dit vir hulleself dan net moeilik.

En as jou kind vertel dat hy/sy wel seksuele gemeenskap voor sy huwelik gehad het? Moenie hulle veroordeel nie. Ons weet dat God al die sondes wat ons eerlik bely, sal wegwas. Jes 1:18: "Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol". Help hulle. Die paartjie moet weer nuwe reëls maak. Hulle moet praat oor wat hulle moet doen om nie weer in die verleiding te kom nie, bv nie saam in hulle kamer sit en gesels nie, maar bv gaan stap en gesprekke voer.

Ek kom nou terug op die titel van die artikel. Ons moet nie ons kinders leer om veilig seks te hê nie, maar om seksuele gemeenskap in die huwelik te beveilig. Dit is wat God van ons vra. En God weet wat goed is vir ons, in ons verhoudings en in ons huwelike.


Heleen Snijder het 'n onderwys- en 'n verdere-onderwyskwalifikasie. Sy is ma van 6 kinders tussen die leeftyd van 3 en 17 jaar.

'Frankenstein-voedsel': KARRING ons aan die SKEPPING?

Wetenskap & Tegnologie

Biotechnologie speel 'n al hoe groter rol in ons voedselvoorsiening. Genetiese manipulasie word gebruik om onder andere gewasse te kweek wat vinnig groei om oeste te verhoog, die gesondheid bevorder of beter is vir die omgewing.

Gryp ons dalk te diep in en speel ons God deur met die boustene van die lewe te speel? Is dit net nog 'n stuk gereedskap wat ons maar kan gebruik om in ons menslike behoeftes te voorsien? Is dit gesond om te eet, en wat van die gevaar vir ons omgewing?



Gewasseverbetering

Alle lewende dinge bestaan uit selle. Binne-in die selkern is die DNS. Dit is baie groot molekules wat weer verdeel word in gene. 'n Geen is 'n stuk DNS wat 'n proteïen kan maak. Proteïene is die

boustene van alles wat lewe. Elke organisme het sy eie stel gene. Kwekers van gewasse sal deur sorgvuldig plante te selekteer en met mekaar te kruis, gewasse kry wat groter opbringste oplewer of beter smaak. Nou het hulle egter met hierdie nuwe biotechnologie die moontlikheid gekry om baie vinniger gunstige eienskappe te kan kweek.

Die proses waarby gene geïdentifiseer en oorgeplant word in ander organismes, word genetiese manipulasie (GM) genoem.

'n Voorbeeld hiervan is 'n sekere bakterie wat 'n natuurlike insekdoder produseer. Hierdie insek-

doder is onskadelik vir mens en dier, maar is dodelik vir sekere skadelike insekte. Die geen wat hierdie insekdoder maak, is oorgeplant in die DNS van mielies en katoen. Die plante wat hierdie geen het, is baie beter beskerm teen insekte.



"Genetiese manipulasie is wysiging van die grammatika van die lewe, soos wat dit God se wil en beplanning was" - Paus Benedict XVI

'n Ander voorbeeld is 'n geen wat plante ongevoelig maak vir onkruiddoders. Boere kan nou baie makliker onkruid uitroei sonder om die mielies of katoenplante skade aan te doen.

Genetiese manipulasie is 'n kosbare en moeilike proses, daarom gebeur dit veral met gewasse wat op groot skaal geplant word. In Suid-Afrika is dit hoofsaaklik mielies, sojabone en katoen; in die VSA is dit ook koring, koolraap en rys.

In Europa en groot dele van Afrika is daar 'n groot weerstand teen die gebruik van hierdie gewasse. In Suid-Afrika het onder andere die Raad van Kerke en die aartsbiskop van die Anglikaanse kerk beswaar gemaak teen GM-voedsel. Hulle beweer dat mense begin knoei met die essensie van die lewe en dat dit nie God se wil is nie. Zambië het tydens 'n hongersnood geweier om voedsel-hulp uit SA en die VSA te ontvang, omdat daar GM-mielies in verwerk was. Teenstanders van GM-voedsel gebruik die naam "Frankenstein-voedsel".

Wat is dan die groot voordele?

'n Voor-die-hand-liggende voordeel is dat plante wat 'insekbestand' is, nie bespuit hoef te word met insekdoders nie. Die opbrings is beter, omdat daar minder verlies is. Onskadelike insekte kan daarom makliker oorleef, net soos die voëls en ander wild wat van insekte leef. Gewasse wat nie doodgaan van onkruiddoders nie, sorg dat 'n boer baie makliker onkruid kan doodmaak, terwyl sy gewasse groei. Dit gee nie net 'n hoër opbrings nie, maar verminder ook die gevaar van erosie.

Ook vir mediese redes kan daar voordele wees. Wêreldwyd, maar veral in Asië, veroorsaak 'n

gebrek aan vitamien A blindheid en sterfte by miljoene mense. Daarom is daar 'n soort rys ontwikkel wat baie meer vitamien A bevat.

Verder het wetenskaplikes 'n aartappel ontwikkel met 'n cholera-geen. Mense wat af en toe van hierdie aartappels eet, sal op 'n baie maklike en goedkoop manier 'n entstof kry, veral in gebiede waar cholera baie slagoffers maak. Bakterieë word gebruik om insulien en ander menslike hormone te maak.

Daar word verder nuwe soorte plante ontwikkel wat beter bestand is teen droogte, dit sal veral vir baie ontwikkelingslande 'n groot voordeel wees.

"Genetiese ingenieurs maak nie nuwe gene nie, hulle herskik bestaande gene"
- Thomas Lovejoy,
vooraanstaande
bewaringsbioloog

Ook word daar gedink en gewerk aan vrugte wat vroeër ryp word en minder vinnig vrot, piesangs wat entstowwe bevat en plante wat nuwe soorte plastiek aanmaak. Plante kan ontwikkel word wat die produksie van biologiese brandstowwe baie effektiewer maak, sodat ons afhanklikheid van fossiel-brandstowwe kan verminder.

Is dit veilig om GM-voedsel te eet?

Teenstanders stel dat GM-voedsel gevaarlik is, sonder om daarvoor voldoende bewyse aan te dra. Alle gene produseer proteïene, en daar is sommige natuurlike proteïene wat by sommige mense allergieë veroorsaak. Dit het al gebeur dat 'n allergie-opwekken-

de proteïene uit 'n neut ingesluip het in GM-sojabone. Hierdie sojabone is toe uit die mark geneem. Daar kom elke jaar honderde nuwe variëteite op die mark wat deur konvensionele metodes ontwikkel word. Baie van die gene wat in plante ingebring word, kom in die natuur voor, en mense het al daarmee in aanraking gekom. GM-voedsel is dus nie inherent gevaarliker as konvensionele voedsel nie. Die gewone voorsorgmaatreëls wat ons neem by al ons voedsel is voldoende om dit te kan gebruik sonder groot sorg oor gesondheidsgevaar.

Wat van die omgewings-impak?

Een van die moontlike gevare van GM-plante is die verspreiding van gene na ander plante. Veral waar voedselplante kan kruis met plante wat in die omgewing voorkom, is die moontlikheid goed. Die geen wat in 'n voedselplant gunstig is, kan moontlik deur wilde verspreiding skade aandoen aan die omgewing. Insekbevolkings kan moontlik aangetas word, met gevolge wat ons nie goed kan oorsien nie. Dit kan egter net gebeur by plante wat natuurlik met mekaar kan kruis. In die geval van mielies is daar nie sulke plante nie, dus is die gevaar nie aanwesig nie.

Insekte sal dalk weerstand kan ontwikkel teen die insekdodende stof wat GM-plante maak. Om dit te probeer verhinder, moet daar eintlik altyd 'n hoeveelheid 'gewone' plante saam met die GM-plante gesaai word.

Die insekte wat van die "gewone" plante eet, sal oorleef en het nie nodig om 'n weerstand te ontwikkel om te oorleef nie. Daarteenoor kan insekte wat nie skadelik is nie, beter oorleef, omdat daar nie insekdoders gespuit word nie.

Dit het ook 'n positiewe invloed op onder andere insek-etende voëls.

Omdat dit 'n nuwe tegnologie is, is langtermyn-effekte nog nie goed bestudeer nie. Dit is belangrik dat daar met versigtigheid omgegaan word met die verwe-senliking van plante met nuwe eienskappe.



Ekonomiese implikasies

GM-tegnologie is baie duur om te ontwikkel. Besighede wat GM-plante ontwikkel, patenteer daar-om ook die plante, sodat hulle kommersiële regte gewaarborg bly. Net hulle mag saad verkoop wat die gewenste plante voortbring (alhoewel daar soms uitson-derings gemaak word vir armer lande). Die boer moet elke jaar sy saad by die GM-besigheid koop, en mag nie self 'n deel van

die opbrings bewaar as saai-goe-die nie. Die gevaar is daar dat hier-die bedrywe hulle posisie misbruik ter wille van groot winste.

Die landboudepartement in die VS het 'n 'Terminator gene' ontwikkel. Plante met hierdie geen produseer saad wat nie meer gebruik kan word om te saai nie. Die grootste ontwikkelaar van GM-sade (Monsanto) het belowe dat hierdie geen nooit geprodu-seer sal word nie, veral as gevolg van die groot hoeveelheid nega-tiewe publisiteit wat dit ontlok het. In werklikheid is daar ook baie konvensioneel gekweekte kruisings wat nie lewensvatbare sade oplewer nie en ook nie gebruik kan word om 'n volgende generasie mee te saai nie.

Knoei ons met die essensie van die lewe?

Begeef ons ons op 'n terrein wat ons nie toekom nie wanneer ons gene van 'n bakterie of dier oorplant in 'n gewas? Dit is nie 'n eenvoudige vraag om te beantwoord nie. Daar word beweer dat, wanneer ons 'n geen uit 'n vis in 'n plant oorsit, die resultaat 'n "vissige plant" is. Gene is egter nie spesifiek aan plante of diere nie: daar is baie gene wat in

altwee voorkom en vergelykbare funksies het. Inderdaad sal dit nie vanself in die natuur gebeur nie, maar dieselfde geld vir baie van die konvensionele kweek-metodes.

Net soos ander "ontdekkings", is dit 'n moontlikheid wat God in die skepping gelê het (dit is ook die betekenis van die woord "ontdekking"). Dit doen 'n beroep op ons rentmeesterskap om op die regte manier hiermee om te gaan. Ons sal met verstand en verantwoor-delikheid met die moontlikhede te werk moet gaan. Dit geld natuurlik vir alle nuwe ontwikkelings, dink maar net aan die vooruit-gang in die mediese wetenskap.

Na die sondeval het daar gebreke in die skepping gekom, dink maar aan siekte, gebrek, pyn en sorg. God het ons egter ook die instru-mente gegee om in sy skepping te werk. Wetenskaplike ontdek-kings en tegnologie behoort ook by die instrumente.

Lodewijk IJlst is 'n lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria en werk as analis/programmeerder aan projekbeheer-sisteme.

FARMAKOLOGIE van 'n TRAGEDIE (vervolg op "Anatomie van 'n Tragedie")

Medies

"En toe Jesus uitgaan, het Hy 'n groot skare gesien en innig jammer vir hulle gevoel, en Hy het hulle siekes gesond gemaak." Matt 14:14

5 Miljoen MIV-siekes in Suid Afrika, teen 2015 nog 6 miljoen daarby. 'n Groot skare het ons, maar Jesus is nie meer met ons nie. Wat moet ons nou maak? Watter verskil kan ék maak omtrent die VIGS pandemie? Is daar iets wat ek kan doen? In die vorige artikel het ons gesien dat bewuswording van die MIV tragedie belangrik is. Hoekom? Want

bewuswording lei tot 'n diepe gevoel van empatie. En empatie lei tot aksie. Is dit nie hoe ons wil volg in die voetstappe van ons Leermeester nie?

"Jesus het uitgegaan, die skare gesien, innig jammer gevoel, en siekes gesond gemaak."



En selfs al het Jesus opgevaar na die hemel, het sy Gees weer na ons afgedaal. Sy Gees om ons te vertrou en te versterk, sodat ons weer ander kan troos en versterk. En as ek die Heilige Gees ontvang, dan kan ek ook die vrugte daarvan verwag. Ek kan dan ander troos en vir hulle bid. Gebed is sekerlik die eerste en belangrikste stap wat God van ons verwag in hierdie VIGS pandemie.

Hoe gereeld bid ek vir die miljoene wat ly en sterf rondom my?

My gebed kan wondere verrig, ás ek met 'n opregte geloof bid.

My gebed kan wondere verrig, ás ek met 'n opregte geloof bid. Sal ék die verskil sien? Miskien nie. Sal my gebed verhoor word? Verseker! Waarom dan nog wag om te bid?!

Maar ek weet ek is van nature kleingelowig (Matt 6:30, 8:26, 14:31, 16:8, 17:20). Bid daarom dat sy Gees jou geloof groot mag maak.

***"Voorwaar, Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie."* Matt 17:20**

Maar daar is nog meer wat ek kan doen om te help. Dit is duidelik (van die vorige artikel) dat die besmetting deur MIV en die komplikasies van VIGS sterk gekoppel is aan armoede. Armoede - 'n baie groot persentasie van ons land ervaar dit elke dag. Werkloosheid is op rekordhoogte in Suid-Afrika; ongeveer 50% in die platteland waar ek gewerk het. Hier is dit baie duidelik dat mense kreppeer van die honger. Ou mense word verwaarloos deur die familie, want daar is geen geld nie. Ek onthou nog goed die ou man wat ná die konsultasie vir my om kos gevra het. Antibiotika en multivitamiene maak nie vol nie. Hy het 3 dae laas geëet en sy familie het sy pensioen- geld opgebruik.


Die MIV-pasiënte sit met dieselfde probleem. Nie genoeg geld vir taxi-koste na die hospitaal om pille te kry nie. Nie genoeg geld om gesonde kos te eet nie. Gelukkig gee die staat 'n paar honderd rand per maand vir dié wat MIV of tuberkulose het; dit help tydelik. Ongelukkig hou die TB-geld net vir 1 jaar.



Mense is desperaat, hulle verkoop hulle TB-tablette. Dit gee weer ekstra inkomste en veroorsaak dat die TB nie genees nie, dus kan hulle vir langer die geld van die staat kry. Maar daarmee saam kry hulle ook die dodelike multiweerstandige TB. Maar wie gee om, die lewe is tog kort, liever 2 jaar met geld as 5 jaar sonder geld. 'n Mens voel die fatalisme in die lug.

So, hoe kan ek help?

Miskien is u al klaar betrokke sonder dat u dit weet.



Laat ek verduidelik met 'n voorbeeld. Indien u tuinman afgeboek word van werk as gevolg van VIGS of TB, hoef dit nie 'n permanente situasie te wees nie. Indien u hom direk afdank, sit hy

op straat en sal hy heel moontlik in die groep val wat ek hierbo geskets het. Net alleen al om hom in diens te hou en te betaal vir wanneer hy terugkom, maak sy kans op oorlewing (en minder komplikasies) aansienlik beter. Ons kry tog ook siekverlof by ons werk? Sou die afwesigheidsperiode baie lank duur, kan 'n mens hom nog altyd ondersteun met

skenkings soos klere, kos of wat u ookal kan mis. Deur u tuinman nie te ontslaan nie, help u hom meer as wat u miskien geweet het!

"Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?... Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen." Matt 25: 31-46

Verder is daar ook baie mense en organisasies wat VIGS/TB/wanvoeding probeer bestry. Hulle is sommer in ons midde! Hier kan u ook in u gebede opdra die familie Kleijn met die Khothatsong-projek in ons sendinggemeentes. U kan ook bid vir die familie Parre met die *Nakakela Aids Hospice* in Kwa-Mhlanga. Ons kan op baie maniere help: finansiële, fisies, skenkings, gebede, ens.

Sou u persoonlik betrokke raak, is daar natuurlik die grootste geskenk wat u kan aanbied. Dit neem alle pyn, armoede en ellende weg. Dit neem selfs die dood weg en in ruil kry die persoon die ewige lewe! Solank ons hulle maar net uitnooi. En dit kos alles niks.

"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet." Openb 22:17

Ken u dalk 'n VIGS-pasiënt wat dors het? Of sien ons hulle net nie raak nie? Mag die Here my help dat my oë sy skape sal raaksien.

Ken u dalk 'n VIGS-pasiënt wat dors het? Of sien ons hulle net nie raak nie?

Kom ons kyk weer meer na die mediese aspekte van MIV. Een van die belangrikste dinge vir 'n MIV-persoon, is om vroeg gediagnoseer te word. Ons het dit al kortliks in die vorige artikel bespreek. Daar is heelwat onkunde, bygeloof en stigma rondom MIV. Dit veroorsaak laat diagnoses en vinnige progressie van HIV na VIGS. Met basiese inligting kan ons mense oorreed om hulleself gereeld en vroeg genoeg (in geval van simptome) te laat toets. Dit is duidelik dat een van die grootste redes om nie te wil laat toets nie, vrees vir 'n positiewe uitslag en daarmee saam stigmatisering is. Baie mense verkies om vir jare na toordokters (wat hulle duisende rande kos) te gaan, wat tog nie vir MIV toets nie. Die diagnose kan dan een van vele vorme van beheksing wees, wat

behandel word met baie sterk natuurlike middels. Die middels (bv cantharadine van kewersap) veroorsaak gereeld lewer- en nierversaking, of neigings tot bloeding in die blaas. Daar word sterk geglo aan suiwering van die liggaam, wat besmet is met bouse geeste. So 'n behandeling is baie keer die laaste druppel in die emmer vir 'n VIGS-pasiënt, en hulle word dan gou by die hospitaal afgelaai om daar dood te gaan.

Om 'n pasiënt sover te kry om te laat toets, is seker een van die grootste uitdagings in die geveg teen MIV. Daar is baie voordele aan vroeë toetsing en ons probeer met dié inligting mense oorhaal om hul te laat toets:

- Kennis van MIV-status lei hopelik tot seksuele gedragsaanpassing, sodat die eggenoot of vriende nie ook besmet word nie.
- Moeder-na-kind-oordrag kan voorkom word.
- Multivitamiene en voorkomende antibiotika (Bactrim®) kan volgens roetine gegee word.
- 'n Gesonde lewenstyl en dieet kan gevolg word.
- Die psigososiale aspekte kan deur 'n sielkundige of dokter behandel word, planne vir die toekoms kan vroeg gemaak word.
- Vroeë en deeglike behandeling van komplikasies verminder die mortaliteit en morbiditeit aansienlik.
- Daar kan vroegtydig met anti-retrovirale middels (ARV's) begin word.



Kortom, ons kan die kwaliteit van lewe verbeter en die lewensduur verleng as ons vroeg toets vir MIV. Indien u bogenoemde inligting kan gebruik om bv u werknemer te oorreed om hom te laat toets, het u meer gedoen as wat die meeste van die medici en die staat probeer vermag. Benader u werknemer met 'n oop, positiewe en behulp same houding, eerder as 'n veroordelende of neerkykende houding. Dan sal hy besef: u wil hom rêrig help en is bekommerd oor sy welsyn.

Ongelukkig is daar nog geen oplossing vir stigmatisasie nie. Dit is nogal ironies, aangesien tot 30% van ons bevolking besig is om daaraan dood te gaan.

Wat is die vroeë tekens van MIV sodat ek iemand kan verwys vir toetsing?:

- Onverklaarbare gewigsverlies en swakheid of moegheid.
- Sere in die mond of op die tong, sproei in die mond.
- Herhaalde ontsteking van die mangels (tonsillitis).
- Gordelroos of pynlike blasies wat oor 'n sekere area van die vel ontstaan.
- 'n Kroniese hoës (>2 weke, moet vir TB getoets word).
- Gereelde of kroniese diarree.
- Snaakse velletsels of -siektes.

NGO's doen ook baie, jy kan meer hieroor lees op die internet. Hier is 'n paar webwerwe:

Nasionaal: www.aids.org.za, www.tac.org.za, www.cabsa.co.za, (christelik) www.haart4africa.com (ARV's), www.sahivsoc.org (vir dokters), www.sabcoha.org, (privaat sektor), www.cindi.org.za, (AIDS wesies), www.csa.za.org (Universiteit van Pretoria).

Internasionaal: www.avert.org, www.unaids.org, www.amref.org, www.aidsportal.org

Dit lyk redelik onwaarskynlik dat 'n kuur teen MIV in die nabye toekoms gevind gaan word. Hierdie pandemie is besig om die meeste mense in die geskiedenis van die wêreld dood te maak. As individu en as kerk leef ons in 'n generasie wat rondom ons uitsterf. Jy kan 'n groot verskil maak deur hulp, liefde en vertroosting te bewys, en selfs die weg na die ewige lewe...

"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien... En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweën en moeite sal daar nie meer wees nie..." Openb 21:1-4

Dr Theo de Vries, (MBChB Stellenbosch, 2001) het sy gemeenskapsdiensjaar in 2007 voltooi in 'n plattelandse hospitaal in Capricorn, Limpopo.
Vir enige kontak: Theodevries@doctors.org.uk

Die NUWE geskiedenis van SUID-AFRIKA

Geskiedenis & Kerkgeskiedenis

"Ek wonder net of dit dieselfde geskiedenis is as wat ek vroeër op skool geleer het", merk die vriendelike verkoper op toe ek die "Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika" deur Hermann Giliomee en Bernard Mbenga aanskaf. Ek verseker hom dat die boek oor dieselfde geskiedenis handel, heel waarskynlik egter met 'n ander interpretasie as wat hy by die skool gehoor het. Eintlik 'n skerp-sinnige vraag. Hoe kan geskiedenis nou vernuwe?

Ou en Nuwe geskiedenis

Vir baie mense is geskiedenis dit wat in die verlede gebeur het. En natuurlik is dit in sekere sin waar. Maar neem nou die kort geskiedenis van Suid-Afrika, om dit met die bekende boek van prof Muller te sê: net 500 jaar. En dit alles in 'n boek van nog geen 500 bladsye nie! Het daar dan nie baie meer gebeur nie? Ja, natuurlik,

maar 'n skrywer moet keuses maak. Dit is 'n baie belangrike beperking op die verhaal wat vertel word.

Hoe kan geskiedenis nou vernuwe?

Maar daar is meer. 'n Skrywer het sy eie oortuiging, sy eie agtergrond en vorming. Dit beïnvloed sy keuses en die manier waarop hy die verlede weergee. Dit is dus wel duidelik dat daar groot verskille in die geskiedskrywing sal wees. Geskiedenis is dus nie die verlede self nie, dit is 'n bepaalde skrywer se weergawe daarvan.


Die boeke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat in die laaste helfte van die vorige eeu geskrywe is, vertoon die invloed van voor- of teenstanders van

apartheid. Dit is geen beswaar nie, mits jy maar eerlik probeer wees in die weergawe van eie en ander mense se standpunte. Die leser moet ook nie net boeke van sy geesverwante lees nie, maar ook van ander mense.

Hierbo het ons die bekende boek "500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis" van Muller genoem. Dit sal seker op menige boekrak staan. Dit het in 1968 verskyn. Dit behandel die politieke geskiedenis van Suid-Afrika vanuit die oogpunt van die Afrikaner. Boeke wat daarvoor verskyn het, het dieselfde gedoen.

Tog het Muller al iets besonder in sy boek. Dit het as bylae 'n oorsig oor 'Die Inboorlinge van Suid-Afrika'. Hier word dus aan die inheemse stamme enige erkenning gegee. Weliswaar in 'n bylae, maar darem! Met hierdie boek, wat 'n

uitstekende en waardevolle oorsig bied, het 'n paar generasies Afrikaners grootgeword.



Toe verskyn in 1986 van Cameron en Spies die "Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld." Daar was uitgebreide kommentaar daarop. Daar was baie kritiek. Die boek het duidelik die uitsluitend Afrikanerbenadering verlaat. Daar is aandag vir die geskiedenis van die swart volke en hul aspirasies en dit is in die verhaal opgeneem. Die Groot Trek het nie langer die sentrale plek in die geskiedskrywing ingeneem nie. Vir die eerste keer kan die belangstellende leser nou iets van 'n integrale geskiedenis van Suid-Afrika ervaar. Twintig jaar gelede het die boek iets soos 'n skok veroorsaak, vandag is die boek reeds nie meer toereikend vir die student nie.

Daarom het daar 'n nuwe boek verskyn. Die genoemde "Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika" van Giliomee en Mbenga. Vreemd, die ooreenkoms in titels. Net "in woord en beeld" is uitgelaat en dit kon maklik gehandhaaf gewees het, want hierdie nuwe werk is sekerlik net so ryk geïllustreer. Dalk 'n eerbetoon aan die voorganger?

Agtergrond

Hierdie nuwe uitgawe trek uiteraard wye belangstelling. Alleen al die naam van Hermann Giliomee staan daarvoor borg. Sy boek "Die Afrikaners, biografie van 'n volk" het met sy Engelse uitgawe wêreldwyd belangstelling gewek. En die vraag is natuurlik: sal in hierdie nuwe boek, waarvan hy een van die twee redakteurs is, die visie wat hy in sy vorige boek ontwikkel het, deurwerk in die algemene geskiedskrywing? Dan kan dit baie interessant wees, want hy het in die eersgenoemde boek baie waardevolle insigte met ons gedeel.

Genoeg rede om hierdie boek te koop en te lees.

Daar het ongeveer dertig deskundiges aan die totstandkoming van hierdie boek meegewerk. Die lys van medewerkers wys uit dat daar beslis gepoog is om eensydige geskiedskrywing te vermy. Dit is 'n goeie strewe; of hulle daarin geslaag het, sal moet blyk. Die boek is baie toeganklik. Dit is in vier dele verdeel, elke deel bestaan uit 'n aantal hoofstukke en elke hoofstuk is goed onderverdeel. Vetgedrukte opskrifte gee aan hoe die stof ingedeel en behandel word. Kassies in die kantlyn gee uitvoeriger inligting oor onderdele en persone.

Beoordeling

Laat ons maar eerlik wees: ons wil weet of hierdie boek histories korrek is of dat die skrywers probeer om polities korrek te wees.

Vir die beoordeling van die vraag het ek begin by deel 4: "Van 'n Afrikanerstaat na 'n Afrikastaat (1945-2005)". Hierdie deel bevat drie hoofstukke wat handel oor die regering van die Nasionale Party, die politieke omwenteling en die soeke na 'n nuwe demokrasie.

Hoewel die redaksie self skryf dat hulle 'n politieke geskiedenis presenteer, is daar tog baie aandag vir maatskaplike, sosiale en ekonomiese aspekte. Dit is van groot betekenis.

Daar is sedert die Waarheids- en Versoeningskommissie se verhore seker nie baie meer wat onbekend klink nie. Ons het baie gehoor, baie geleer ook. Hierdie en dergelike sake kom ook hier ter sprake. Tereg, en dit word ewewigtig gedoen. Daar word na alle kante gekyk, geluister en weergegee.

Is hierdie boek histories korrek of wil dit polities korrek wees?

'n Paar voorbeelde.

- In 'n uitwyding oor Sir Ernest Oppenheimer word baie duidelik aangetoon dat die Anglo American Corporation in eie woorde van apartheid gewalg het, maar tegelyker tyd alte gretig die voordele daarvan ingeoes het.
- In 'n bespreking van Hendrik Verwoerd word die vraag behandel of daar invloede van die Nazisme van Hitler in die Apartheidsbeleid is. Dit is byvoorbeeld een van die beskuldigings van George Bizos in sy outobiografie. Die skrywers ontken die bewering en toon die foutiewe daarin ook aan.
- 'n Onderdeel oor die instromingsbeheer lees: Die moderne stelsel is in 1923 ingestel en in 1937 uitgebrei. Die wetgewing van 1952 het die instroming strenger aan bande gelê. 'n Duidelike erkenning van die historiese perspektief.

- Die uitgebreide oorsig oor die vroeëre Bantoe-onderwys bespreek sowel die tekortkominge as die belangrike bydrae daarvan en veral die geweldige uitbreiding wat die onderwys aan die swart jeug ondergaan het.
- In 'n kassie oor Albert Luthuli word aangetoon dat daar binne die ANC geen duidelikheid oor toekomstig beleid bestaan het nie. Die Vryheidsmanifes vra erkenning van die regte van alle nasionale groepe, maar in 'n artikel van Luthuli betoog hy dat so moontlik alle moedertaal-onderdig uitgeskakel moet word. Dit impliseer dat die verskeidenheid uitgewis moet word om die eenheid te bevorder.

Hierdie enkele voorbeelde dui wel aan dat daar geen duidelike poging is om politieke korrektheid te wees nie. Soos Giliomee in sy "Die Afrikaners" niemand na die mond gepraat het nie, so gebeur dit ook hier nie.

Inligting

Om vandag 'n algemene geskiedskrywing van Suid-Afrika te bied, moet so geweldig baie keuses gemaak word dat dit onmoontlik is om 'n boek saam te stel wat net lof sal inoos.

Maar dit is nie in die eerste plek belangrik of daar aan ons private verlangens voldoen word nie. Dit is van betekenis of daar aan ons materiaal aangereik word waarmee ons iets kan doen. En dit is inderdaad die geval. Daar is byvoorbeeld 'n baie belangwekkende oorsig oor die ontwikkelings binne die ANC, die samewerking met en invloed van die SAKP en die afskeiding van die PAC. Die inligting word byna klinies opsommend gegee, sonder kommentaar

of beïnvloeding. Maar dit is in helder taal en elkeen kan maar sy gevolgtrekkings maak.

Word hier materiaal aangereik waarmee ons iets kan doen?

Interessant is ook die ruim aandag wat gegee word aan die vraag of die ANC gewelddadige aksie voorgestaan het of nie. Ook hier is daar weer 'n opvallende verskil tussen die feite wat hier aangedra word en die gevoelens wat George Bizos in sy lewensverhaal met ons deel. Volgens laasgenoemde was daar by die bekende Rivonia-verhoor geen sprake van enige plan vir militante aksie nie, volgens die skrywer in die Nuwe Geskiedenis wel deeglik so. By sy onpartydige instelling gee die boek dus ook baie inligting en is daardeur waardevol.

Net lof?

Dit is egter wel duidelik dat baie skrywers saamgewerk het. Daar

is duidelike verskil in styl en leesbaarheid tussen die verskillende onderdele, maar die beswaar is nie te groot nie. Wel is dit partykeer duidelik dat uit Engels vertaal is. Dan en wan slaan dit in die Afrikaans deur. Ook is die korreksie nie altyd sorgvuldig gedoen nie, dalk te veel op 'n elektroniese spellingtoets vertrou? Die illustrasies is pragtig en baie oorspronklike afbeeldings is opgeneem. Dit is gedruk op 'n goeie kwaliteit papier. Dit is goed gebind en het 'n harde band. Die gevolg is dat die boek swaar is, deur sy omvang en massa is 'n mens eintlik gedwing om aan tafel te sit en lees. Daar is dus 'n gevaar dat dit as koffietafelboek gaan dien en dit sou jammer wees, want dit is beslis die moeite werd om gelees en geraadpleeg te word. My grootste beswaar is dat die lettertipe baie fyn is en die kontras op 'n wit agtergrond nie skerp genoeg nie. Die teks op 'n gekleurde agtergrond lees beter! Die boek lees nie ewe maklik onder alle beligtingsomstandighede nie.



Die prys van nagenoeg R300 is, in vergelyking met wat 'n mens deesdae vir menige slapband-uitgawe moet betaal, nie hoog nie. En as u dalk tog daarvoor terugskrik, vergelyk dit dan met

wat vir 'n vol tenk petrol betaal moet word.

"Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika" is 'n uitgawe van Tafelberg en word van harte aanbeveel.

Dr JW Meijer is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria en in diens van die gereformeerde onderwys.

KERKREGERING - kan die 'onervare' en 'te gevestigde' kerke mekaar help?

Reaksie : Klip in die Bos

In 'n besigheid word algemeen aanvaar dat bestuurstrukture die strategie moet ondersteun en nie omgekeerd nie. Vanuit hierdie siening is dit goed om na huidige bestuurstrukture te kyk en te besin of dit nie moontlik die doelwit van die organisasie benadeel nie. Die artikel "Is ons kerkregering werklik die beste?" (Kompas Maart 2008) poog om oopkop te kyk na kerkstrukture in 'n kerkomgewing (jong en gevestigde kerke, arm en welgesteld) wat verskil van die kerkwêreld in Wes-Europa (homogene samestelling).

Maar waarom sou 'n mens die kerkregeringstrukture en afsprake van die VGKSA wil verander?

Aan die een kant is daar jong geïnstitueerde kerke met klein kerkrade wat leiding moet gee in 'n veeleisende, gekompliseerde pastorale omgewing waar vigs, werkloosheid, geen vaste gesinslewe, depressie en losbandigheid alledaagse probleme is. Verder is daar weinig ondervinding en bestuursvaardighede in hierdie kerkrade.

Ook is hulle finansiëel afhanklik en is daar nie 'n oorsig om die kerk selfonderhoudend te kry nie. Finansies beperk uitvoering van pligte, soos bv net die predikant het 'n motor vir vervoer na huisbesoeke. As gevolg van die lang ure om by die werk te kom

en om vroeg werk toe te gaan vanweë die tydsame openbare vervoer, is kerkraadsvergaderings onmiddellik na werk geskeduleer (7 uur) en kan dit net tot 9 uur duur. Verder is daar 'n skugterheid om besluite te maak en om besluite administratief vas te lê. Met dit in gedagte besef 'n mens dat die jong kerkrade baie tyd insit maar stadig groei in selfvoorsiening.

Desondanks dit alles groei hierdie kerke in geloof en getalle. Gemeentelede getuig, nooi ander saam kerk toe. Daar is altyd tyd om by kerkraadsvergaderings eers Bybelstudie te doen, ongeag die lang kerkraadsvergaderingsagenda.

Aan die ander kant het ons die gevestigde kerke. Hierdie ervare kerkrade van gevestigde gemeentes is beter in besluitneming en algemene kerkregering. Hierdie kerkrade werk met 'n veel groter kerkrade in hul gemeente wat in 'n relatief beskermde wêreld leef waar sosiale probleme 'n uitsondering is. Die meeste lidmate is geseënd om een of ander tersiêre opleiding agter sy naam te hê, verder is die meeste manslidmate in posisies waar hulle deur hulle beroepe in 'n aanhoudende leerwêreld leef. 'n Ryk voorreg om ook die kerk met die raad en kennis te kan bystaan.

Maar sal hierdie ouderlinge van die gevestigde kerke kan oorleef in 'n wêreld van "township-lewe"?


Ondanks hierdie geseënde situasie is dit nie nuus dat die gevestigde gemeentes sukkel met getuïensie, gesamentlike Bybelstudie en evangelisasie nie.

Op die laaste jeugkongres was die meerderheid van mening dat hulle ouers in 'n gemaklike leef en daarom nie evangeliseer nie. Is ons as gevestigde gemeentes nie al so "gevestigd" dat ons nie meer die self-propagerende (evangelisasie) element raaksien nie?

In die gereformeerde wêreld word aanvaar dat 'n gemeente na die drie "selfs" van 'n selfstandige kerk moet streef: self-regerend, self-propagerend en self-onderhoudend (Self-onderhoudend beteken nie noodwendig dat 'n jong gemeente self alle fondse moet kan opbring nie, maar dat daar 'n plan moet wees hoe om daar uit te kom).

Ons sit dan met twee uitdagings: hoe word die gevestigde gemeentes meer propagerend en hoe kry of voorkom ons gemeentes wat finansiëel nie self-onderhoudend kan word nie? Kan 'n verandering in kerkregering hierdie uitdagings aanspreek?

Op 'n webwerf van die Church of Scotland is 'n matriks soos hieronder geplaas.



Ons kan die jong geïnstitueerde kerke in die C-kwadrant plaas, die gevestigde kerke moontlik in A? Die gewenste groei is na kwadrant B. Dus, kan veranderende kerkregeringstrukture ons help om die gemeentes na kwadrant B te laat groei?

Die skrywer van die artikel 'Kerkregering' (Kompas Maart 2008) vra of dit nie tyd is om op 'n ander manier die kerk(e) te regeer nie. Die eerste voorstel is om 'n gesamentlike kerkraad vir twee of meer kerke te skep. Elke kerk vaardig twee of meer ampsdraers af na 'n "gesamentlike kerkraad" wat die kerkwerk hanteer. Hierdie model word in die gereformeerde Skotse kerke gebruik. 'n Tweede voorstel is dat twee ervare broeders aangestel word om die jong kerkraade by te staan. Om die voorstelle te beoordeel, moet daar na die dieper onderliggende probleem van die jong geïnstitueerde kerke gekyk word.

Die probleem (myns insiens) wat die jong gemeentes ervaar is dat die selfbesturende element moeilik is. Ten eerste omrede die kundigheid in die **uitvoering** nie daar is nie. Ten tweede word antwoorde/terugvoer oor take wat in die ampswerk opgesluit lê, nie

nodig geag nie. 'n Groot rede hiervoor is dat die **verantwoordelikheid** van die individuele amp nie volledig besef word nie en dat individue skuil agter 'n kollektiewe verantwoordelikheid. Ten derde dat hulle in 'n baie **gekompliseerde sosiaal gebroke omgewing** moet werk. Verdere oorsake is **kulturele verskille, waardes, onervarenheid en vaardigheids-tekorte**.

Gaan 'n verandering in kerkregeringstrukture hierdie probleem oplos of gaan dit eerder lei tot 'n moontlike bedekking van die probleem? Sonder om tradisioneel gereformeerde te wees en die Kerkorde as uitgangspunt te neem, gaan die voorstel om 'n "gesamentlike kerkraad" te vorm vir sekere take om jong geïnstitueerde kerke te help, nie lei na 'n sterker en meer bevoegde kerk nie. Inteendeel, die kans is groot dat daar 'n groter afhanklikheid gekweek word as gevolg van die tendens om te skuil agter die kollektiewe verantwoordelikheid. Verder gaan dit ook dominokrasie in die hand werk, die dominee van elke gemeente gaan in elk geval op die gesamentlike kerkraad dien. Ook moet ons realisties wees in terme van kultuur- en taalverskille, 'n Afrikaans-sprekende gaan moeilik 'n diep gesprek kan voer by die Tswana gesin. Ook moet ons realisties wees dat ons nie sommer die Kerkorde gaan verander nie, dit is alreeds "onmoontlik" om artikel 36, dat die predikant die kerkraadsvergadering **moet** lei, te verander waar dit soms ten goede vir die predikant en kerkraad is dat 'n bekwame ouderling die leiding neem.

Verder moet ons waak teen die mite dat hoe "hoër" 'n besluit geneem word, hoe beter en hoe meer inset van die betrokkenes.

Die teendeel is meestal waar. Trouens, die besluitneming in die jong geïnstitueerde kerkraadsvergaderings is nie die probleem nie, maar juis die uitvoering op grondvlak.

Die Skotse model lyk na 'n moontlikheid, maar is dit nie ingestel as gevolg van krimpende gemeentes nie? Moet ons die model gebruik met groeiende gemeentes, as 'n manier om preekpunte vinniger te laat institueer as kerk?

Die voorstel om twee ervare broeders te koöpteer is myns insiens beter en vinniger om te implementeer. Die kerkraad van die jong geïnstitueerde gemeente kan self kies wie hulle wil koöpteer, hulp word dus gevra en nie afgedwing nie. Soos die spreekwoord lui: ongevraagde advies word selde waardeer. Verder moet die kerkraad van die gekoöpteerde persoon hierdie posisie erken en hom vir 'n tydperk nie oorweeg vir sy kerkraad nie.

Bogenoemde voorstel moet egter nie daartoe lei dat ons maar kerke institueer en dan die verantwoordelikheid afskuif op hierdie twee broeders wat die jong kerk moet dra nie. Dit is 'n tydelike opset met die doel om die plaaslike gemeente selfbesturend en selfonderhoudend te kry.

Daar kan met reg gevra word of bogenoemde voorstel genoegsaam is. Nee. Die verskillende waardes, vaardigheidstekorte en metodes van verantwoording gaan nie stilswyend opgelos word nie. As ons niks doen nie (behalwe praat), gaan ons niks verander kry nie. Vandaar dat 'n hulpverleningsdeputaatskap op klassisverband goeie struktuur kan gee aan die aanspreek en hantering van die selfregering en selfonderhoudende elemente van kerkwees in 'n omgewing waar vaardighede

en verantwoordelikhedsbesef op ander vlakke lê. Hierdie deputaatskap kan kursusse, besprekingsdae en blootstellingsgeleenthede organiseer. Kontak met DVN en ander hulporganisasies kan help om nie weer die wiel van voor af uit te vind nie. Behoeftes wat aangespreek moet word, kan uit die klassisvergaderings kom, uit die sendingsveld of uit die betrokke gemeentes. Maar, ook dit is nie 'n kitsoplossing nie. Ons sal as ervare, welgestelde en goed opgeleide gemeentede, dié

wat ook kerk van Christus is en wil wees, maar met minder vaardighede geseënd is, moet help in hul tekorte.

Gelukkig is die kerk geen besigheid nie. Ons het 'n ewige nimmer-veranderende strategie: Sola Gloria. Maar om dit na te streef, moet ons opofferings maak en nadink oor hoe ons ons naaste kan dien met die gawes wat aan ons geleen is, sodat God verheerlik kan word.

Moontlik kan die jong gemeentes die gevestigde gemeentes help hoe om te evangeliseer en te propageer? Meer hieroor in 'n volgende artikel.

Harry Pouwels is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata en dien as voorsitter in die Sendingkommissie van hierdie gemeente.

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@mailshack.com
- **Rev T Mogale :**
19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / t.mogale@telkomsa.net
- **Rev MP Magagula :**
575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Ds P Nel :**
Fratesweg 775, Rietfontein, Pretoria, 0186;tel 012 331-0931 / rufusnel@mweb.co.za
- **Ds E Viljoen :**
Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 / eviljoen7@absamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach :**
Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds CF Nicholson :**
Patoustr 33, Amanda Glen 7530; tel 021 975-9994 / c.nicholson@absamail.co.za
- **Ds PG Boon :**
Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Rev J Mhlanga :**
Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za

BOEKENUUS

Drie nuwe boeke!!!

Visser, Rob: Een is ons meester

'n Nuwe boek saamgestel uit 'n versameling lesings en artikels wat gehou of verskyn het in die tyd toe ds Visser die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedien het. Die eerste sewe hoofstukke handel oor etiese vraagstukke en is op simposiums vir medici aangebied. Aborsie, bloedoortappings, eutanase, beskawing en verbranding is onder andere sake wat aangespreek word. Hoofstukke 8 tot 12 is meer gerig op die direkte bestudering van God se Woord en die weerlegging van dwaalleer. Hier vind ons temas soos: Wie is Satan?; Is die Bybel nog God se Woord?; Is die profesie van Christus in die Ou Testament altyd direk Messiaans?; Spangenberg se wetenskaplike hoogmoed, ens. Hoofstukke 13 tot 17 is veral op die leer van God se Woord en die kerkreg gerig: Kerk en verskeidenheid – Kerk en verskeurdheid; Tug; Wedergeboorte en bekering; Bedien die Woord in die erediens!; en ten slotte **Een is ons Meester**.

“Deur sy Woord wys Christus ons die regte pad op alle terreine van die lewe.” Die tema van die eerste hoofstuk van die boek is dan ook **Skrif en kultuur!**

(R135)

Visser, Dr Jan: Die Kerkorde in praktyk

Nog 'n nuwe boek en net soos bogenoemde boek uitgegee deur Die Boekuitgewers in Pretoria! Hierdie boek is geskryf om in die behoefte te voorsien van 'n handleiding by die Kerkorde wat toegespits is op die praktiese toepassing van die verskillende artikels. Bestaande handleidings by die Kerkorde voorsien nie ten volle in hierdie behoefte nie, omrede dié met 'n ander doel saamgestel is. “Hierdie boek wil presies wees wat die titel aandui: die Kerkorde in praktyk. Daarom het ek nie ingegaan op die Skriftuurlike fundering en die historiese agtergrond van elke artikel nie. Ook het ek nie dogmatiese, eksegetiese-hermeneutiese en tekskritiese probleme behandel nie. In die bylaes kom sekere van hierdie probleme egter wel aan die orde.”

(R195)

Schutte, Henriette: Ken jy hulle? 30 Studies oor Bybelmense

Deel drie in hierdie reeks het pas verskyn. Soos in die vorige twee deeltjies word die lewe van 'n aantal persone uit die Bybel bestudeer. Ons vind name soos Eli, Samuel, Josafat, Amasia, Sadok, die ongehoorsame profeet, Maleagi, Johannes die Doper, Herodes, ens. Elke studie in die boekie getuig van deeglike voorbereiding. Mev Schutte trek kort, kragtig en suiwer die openbaringslyne in die Skrif deur en beklemtoon so die eenheid en waarheid van die Bybel op 'n besondere manier. 'n Groot voordeel van die boekie is daarin geleë dat, terwyl jy dit lees, jy nie anders kan as om die Bybel self ook voortdurend oop te maak nie.

(R55)



FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: folmerboek@telkomsa.net

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)

(Irene van der Meer)

Laseandrallaan 115

0186 Môregloed

Tel/Faks: (012) 333 8064

e-pos: folmerpta@mweb.co.za

Posbus 26489

0031 Gezina

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Freek van der Meer
Louise Ros (administrasie)

Posbus 23931, Gezina, 0031
Tel 012 332 0127
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:

Ds Erik van Alten
Jan de Mooij
Greet de Vries
Marlene de Vente

Subredakteurs:

Venster op die Bybel:
Ds Pieter Nel
Onderwys en Opvoeding:
Heleen Snijder
Wilma Pouwels
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Leer en Lewe:
Ds Kees Kleijn
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Medies:
Dr Theo de Vries
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Dr Jan Meijer
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
Klip in die Bos:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Greet de Vries

Redaksieadres:

Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R50
RSA per hand : R100
RSA per pos : R125
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per see-pos : €30
Buiteland per lugpos : €40

Advertensies

□ ■ □ ■ □

Alle **blikke-versamelaars**

Groot uitverkoop!
Blikke teen halfprys.

Ook inkopiesakkies
(ingevoer uit Nederland)
te koop.

Nies Bunk
Suiderberg 8
33 ste laan 785, Villieria
Tel 012 332 1419

□ ■ □ ■ □

Indien u **Kompas** as 'n
geskenk wil gee of van
iemand weet wat dalk
belangstel, is u welkom om
die besonderhede van die
persoon aan die administrasie
deur te gee.

Dalk wil u iemand anders
geleentheid bied om KOMPAS
te lees deur 'n donasie ...

□ ■ □ ■ □

